

12 Augustus

Genesis 43; 45:1-16; 50:15-26

God se wonderlike plan in en deur die lewens van sy kinders (4)

Uit Josef se lewensverhaal het ons gesien hoe God tegelykertyd besig is om vormend, heiligend en reinigend in 'n hele aantal mense se lewens te werk. Jakob moes kom tot 'n posisie van eenvoudige kinderlike vertroue op die Here alleen. Josef se broers moes genees word van bittere jaloesie en naywer. Josef self moes nie net op die regte tyd op die regte plek wees nie, maar ook as die regte mens met die regte karakter. Maar nou sê mense soms: Ek voel die bodem van my lewe het uitgeval en ek is ook in 'n doodloopstraat geparkeer. Watter waarborg het ek dat God my ook liefhet en in my lewe alles ten goede sal laat meewerk?

Die manier waarop God in Josef se lewe gewerk het moet my die vertroue gee dat ek ook in die donkerste ure van my lewe myself volkome aan die Here kan oorgee. Ons het egter nog groter beloftes as Josef. Hy het vasgegryp aan God se verbondsbeloftes aan Abraham. Dit het sy lewe en sterwe (selfs begrafnisreëlins) beheers.

Ons kan kyk na Golgota en dink aan God se eie Seun aan die kruis. Daar het God bewys dat Hy jou so liefhet dat hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het sodat ons ten spyte van al die sonde en ongeregtigheid in ons lewens saam met Hom kan lewe. Romeine 8:32 sê Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Dit laat my dink aan een van die aangrypendste gedigte van Totius nadat hy sy kind verloor het wat deur die weerlig getref is.

Wanneer hy loop en tob oor sy harde lot wys 'n arm weduwee hom na die kruis van Jesus Christus en sê vir Hom:

Meneer, ek was verlate maar nie soos HY: van God verlate.
Ek was benoud, ja tot die dood, maar nie soos Hy: tot in die hel toe.
Die hemel was altyd ope,
Die hel was altyd onder toe.
So was't vir my om Jesus-wille.

God wat my so liefhet dat Hy sy eie Seun vir my laat sterf het, sal my dra ook in die donkerste nagte van my lewe.

Dr. P.J. Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)